**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. 1190/2003

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| **GIDEON JOUBERT VAN NIEKERK** | Applikant |
| en | |
| **DIE PROVINSIALE KOMMISSARIS KORREKTIEWE DIENSTE: VRYSTAAT** | Eerste Respondent |
| **DIE MINISTER VAN KORREKTIEWE DIENSTE** | Tweede Respondent |

---

**CORAM:** **HANCKE, R**

---

**AANGEHOOR OP:** **1 JUNIE 2004**

---

**GELEWER OP:** **10 JUNIE 2004**

---

Die applikant hierin is ‘n gevonnisde gevangene wat regshulp verlang dat die respondente remissie of afslag aan hom verleen, soos ooreengekom, en dat sy vonnis verwerk en aangepas word, met onmiddellike werking.

Nadat die aansoek aangehoor is, het Kruger, R die saak uitgestel en ook die volgende bevel verleen:

> “Die aangeleentheid word vir getuienis verwys sodat die hof kan bepaal:

(i) of die eerste respondent enige ooreenkoms met of belofte aan applikant gemaak het dat remissie van 6 maande per dissiplinêre verhoor waarin die applikant getuig, aan applikant toegestaan sal word;

(ii) of die applikant geregtig is op remissie van 6 maande per dissiplinêre verhoor voordat met die volgende dissiplinêre verhoor gehandel sal word;

(iii) of daar enige basis is waarop die applikant geregtig is op die remissie deur hom gevorder."

By die aanvang van die verhoor het mnr. Williams, namens die respondente, 'n regspunt ingevolge Hofreël 33(4) geopper en aangevoer dat die beslissing daarvan die hele aangeleentheid tot finaliteit kan bring, en dat dit dus nie nodig is om enige mondelinge getuienis aan te hoor nie. In hierdie verband het hy gesteun op die bepalings van artikel 68 van die Wet op Korrektiewe Dienste, Nr. 8 van 1959 (die "Wet") , asook die interpretasie wat daaraan geheg is in die uitspraak van Van der Merwe, R in **JEN-CHIN HUANG EN 'N ANDER v DIE PROVINSIALE KOMMISSARIS: KORREKTIEWE DIENSTE (VRYSTAAT) EN 'N ANDER** (Saak Nr. 2194/2003 wat gelewer is op 23 Oktober 2003).

In die applikant se eedsverklaring steun hy daarop dat hy by vyf verhore getuig het en dat ingevolge ‘n ooreenkoms tussen hom en beamptes van die respondente daar ‘n ooreenkoms is dat hy ses maande afslag sal ontvang ten opsigte van elke saak. Toe die saak voor Kruger, R gedien het, het hy alreeds in ses sulke verhore getuig, terwyl hy by die aanhoor van die huidige verrigtinge te kenne gegee het dat hy in sewe verhore getuig het en dat hy in totaal dus aanspraak maak op remissie van 42 maande waarvan hy slegs 12 maande ontvang het, dit wil sê ‘n verdere 30 maande is hy op geregtig.

Die vraag of die applikant geregtig is op verdere remissie hang af van die interpretasie van artikel 68 van die Wet, wat soos volg lui:

> “Ondanks andersluidende bepalings kan die Kommissaris ‘n spesiale afslag van vonnis van hoogstens twee jaar óf onvoorwaardelik óf op sodanige voorwaardes as wat hy mag bepaal, verleen aan ‘n gevangene wat hoogs verdienstelike diens gelewer het.”

In die saak van **<u>HUANG</u>** (***supra***) verklaar Van der Merwe, R teenoor paragraaf [9] die volgende:

> “Die bewoording van die artikel dui myns insiens op sigself reeds aan

> dat slegs ‘n eenmalige afslag van hoogstens twee jaar beoog word. Die artikel maak naamlik voorsiening vir ‘n <u>spesiale</u> afslag (“a special remission”). Gebruik van die lidwoord “’n” is ‘n duidelike aanduiding van eenmaligheid en dit word ondersteun deur die woord “spesiale”. Wanneer na die samehang of konteks soos hierbo vermeld, gekyk word, word die saak na my oordeel buite twyfel gestel. Die beginpunt is artikel 65(1) van die Wet wat bepaal dat ‘n gevangene vrygelaat word by die verstryking van die termyn gevangenisstraf wat hom opgelê is. Vervolgens is daar die bepalings wat paroolrade daarstel en wat bepaal dat ‘n gevangene soos die applikante, voor verstryking van die termyn van gevangenisstraf wat hom opgelê is, op aanbeveling vervat in ‘n verslag van ‘n paroolraad, op parool uitgeplaas kan word.”

Teenoor paragraaf [12] word soos volg afgesluit:

> “My gevolgtrekking is derhalwe dat die betekenis van artikel 68 van die Wet is dat ‘n enkele spesiale afslag van hoogstens twee jaar ingevolge daarvan verleen mag word.”

Dit is belangrik op daarop te let dat die feite in die **<u>HUANG</u>**-saak (*supra*) verskil van die huidige saak. Die eersgenoemde saak het die Kommissaris reeds die afslag van twee jaar verleen gehad en was hy nie bevoeg om verder afslag te verleen nie. In die huidige saak het die Kommissaris slegs twaalf maande van die vier-en-twintig wat hy geregtig

is om te verleen, inderdaad toegestaan. Om "'n spesiale afslag" as 'n eenmalige afslag te interpreteer waar 'n minder afslag, soos in die huidige saak, reeds verleen is, kan lei tot absurde resultate. Gestel 'n gevangene wat 'n lang termyn vonnis uitdien (soos die huidige applikant) lewer aan die begin van sy vonnis "hoogs verdienstelike diens" waarvoor hy byvoorbeeld 'n week afslag kry. Op 'n later stadium, verhoed hy byvoorbeeld 'n grootskaalse ontsnapping van verskeie gevaarlike prisoniers, wat die gevangene geregtig sou maak op 18 maande afslag. Dit kan tog nie die bedoeling van die Wetgewer gewees het om verdere afslag in sulke omstandighede te verhoed nie. Anders gestel, 'n gevangene word nie gediskwalifiseer indien hy een maal afslag gekry het, solank die totale afslag uiteindelik nie meer beloop as die twee jaar, soos bedoel in artikel 68 van die Wet nie.

Dit volg dus dat die eenmalige afslag, na my mening, slegs van toepassing is in gevalle waar die gevangene reeds twee jaar afslag gekry het, soos in die **HUANG**-saak (*supra*), maar nie die geval is, soos in die huidige saak, waar slegs twaalf maande afslag verleen is nie.

Bygevolg kan die regspunt van die respondent nie slaag nie.

Gevolglik word die saak uitgestel *sine die* ten einde uitvoering te gee aan

die Hofbevel gedateer 12 Junie 2003.

---

**S.P.B. HANCKE, R**

**Namens Applikant:** In persoon

**Namens Respondente:** Adv. A. Williams
i.o.v.
Staatsprokureur

/scd